Hou die blaaië byderhand in 'n rak of op 'n tafel.

Besoek u biblioteek en vra om die blad daar te laat.

Stel, bo alles, self belang in die blad.

### Aan Voorgangers Belangrik!

Voorrade van die *Signs of the Times and Herald of Health, Die Tekens van die Tye en Gesondheidsbode*, en 'n geïllustreerde pamflet wat twee model kolportasies bevat sal aan alle kerke gestuur word vir uitdeling aan die kerklede op Sabbat, 23 November 1935.

Die voorgangers word dringend versoek om toe te sien dat elke lid voorsien word van 'n eksemplaar van *die signs* of die *Tekens*, asook een van die pamflette om na huis te neem sodat hulle die inhoud van die blad kan bestudeer, asook die model kolportasies, vòór die aanvang van die veldtog op 30 November.

Stel belang in die saligheid van u bure, en trag om op die een of ander manier die blad met sy lewegewende boodskap in hul wonings te kry.

Die *Signs* en *Tekens* is ons Suid-Afrikaanse Veld-Evangeliste. Ek is seker dat nie een van ons werkers aanstoot sal neem as ek sê dat dit die aktiefste en agressiefste evangeliste is wat ons het nie. Dit bring die boodskap aan die mense in hul wonings. Dit openbaar die waarheid aan hulle in hul ledige uurtjies, en dit kan nie aanstoot neem of lig tersy gewerp word nie; en al sou dit op een plek verontsaam word, is dit moontlik dat dit in die hande van iemand anders sal val. So 'n evangelis behoort die ondersteuning van almal te geniet, en die moontlikhede wat daar bestaan as die regte gebruik daarvan gemaak is, is onmeetbaar.



### Gevra!

TYDSKRIF-WERKERS. Skryf aan: Sirkulasiebestuurder, Posbus 6, Claremont, Kaap.

## Alle Konferensiewerkers Neem Deel aan *Signs* Week

A. N. INGLE

Op elke getuienisdienste waar persone gevra word hoe hulle in die waarheid gekom het is daar altyd 'n taamlike aantal teenwoordig wat getuig dat hul eerste kennis van die waarheid opgedoen was deur lees, en dat hulle later die waarheid aangeneem het onder die prediking van die Woord. Ek is altyd bly om te weet dat die persone wat ons evangelistiese dienste bywoon alreeds 'n kans gehad het om van ons boeke en blaaië te lees. Om hierdie rede moet ons, as werkers wat begerig is om op alle moontlike maniere die waarheid aan die mense te bring, alles in ons vermoë doen om die sirkulasie van die *Signs* en *Tekens* uit te brei.

Met hierdie doel voor oë maak ons planne waardeur elke konferensiewerker die *Signs* veldtog vanaf 30 November tot 7 Desember kragtiglik kan ondersteun. Ons moedig ons werkers aan om vir hulleself doelwitte te stel in die werwing van intekenaars, en om ook deur woord en daad die kerklede aan te moedig om die *Signs* Week van 1935 die beste in ons geskiedenis te maak.

Boonop nog, vra ons ons werkers om intekenaars te werf vir die *Signs* en *Tekens* in die terrein waar hulle werksaam is. Dan vra ons ook dat soveel as moontlik sal trag om hierdie blaaië op straat, en van huis tot huis te verkoop. Ek voel dat daar in hierdie verband groot moontlikhede is om ons blaaië te verkoop — iets wat nog nooit eintlik onderneem was soos dit behoort te wees nie — en daarom versoek ek alle werkers ernstig om alles te doen om die kerklede te beweeg om die blaaië op straat te verkoop.

Verder het die konferensie ook al sy werkers versoek om van ons sendingblaaië ter waarde van vyf sielings per maand te neem as deel van hul salaris, en dan die blaaië vir hul eie rekening te verkoop. As die kerklede 'n dergelike bedrag en van hul tyd sal bestee om ons blaaië te versprei, watter groot stoot vorentoe sal dit die sirkulasie van die *Signs* en *Tekens* gee! Medewerkers, daar bestaan alle rede om te glo dat ons nuwe blad van 'n gehalte sal wees dat ons daarop kan trots wees; laat ons dan ons deel doel om dit 'n sukses te maak.



## 'n Beroep op Elke Kerk en en Elke Leek om Saam te Staan Gedurende *Signs* Week

W. H. HURLLOW

Op 24 Augustus van hierdie jaar het Sewende-dag Adventiste oor die hele wêreld gevas en gebid. Daar was spesiaal gebid dat ons hemelse Vader Sy hand oor die wêreld sal uitstrek om die oorloë en strydligtheid van die volke nog 'n rukkige

langer in bedwang te hou. Met ander woorde *dat die koms van ons Heiland nog verder sal uitgestel word*. Geagte gelowiges in die Adventboodskap, hoe kan ons so bid? Watter rede het ons om te vra dat die dag van benoudheid sal afgestel word wanneer ons weet dat dit die dag van die oorwinning van die waarheid sal inlei, en 'n einde sal maak aan droefheid, lyding, sonde, en die koninkryk van geregtigheid, vrede, en vreugde in die Here sal meebring? Dit kan tog nie wees dat ons nie verlang na die Vaderhuis of dat ons bang is om die Here te ontmoet nie.

Ons kan net een regverdiging vind vir ons dag van gebed, n.l. dat ons tyd mag gegun word om ons werk klaar te maak. Daar is van ons dierbares wat nie gered is nie, en daar is bekendes en bure wat niks weet van die vreeslike onheile wat die wêreld in die nabye toekoms sal tref nie. Dit mag miskien ons skuld wees dat hulle onkundig en onvoorberei is. Dit is tog seker 'n verantwoordelikheid wat ons behoort te besef. In die dae van rus en vrede het ons ons plig versuim. En nou dat die son byna onder is moet ons die werk doen wat ons gedurende die jare moes gedoen het. 'n Besef van hierdie verantwoordelikheid en 'n ernstige belofte om getrou aan ons taak te wees kan die enigste regverdiging wees vir ons gebede op 24 Augustus. Wat sal ons sê as ons nou nog ontrou is aan ons heilige opdrag, en as ons nalaat om tot die hulp van die Here te kom? „Dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie.”

In die nuwe *Signs* en *Tekens* veldtog het ons weer 'n geleentheid om aan die mense van hierdie land die waarskuwende boodskap vir hierdie dae te gee. Dit bied geleentheid aan vir daardie persoonlike aanraking wat so nodig is om siele te win. Daar sal seker nie een wees wat sy plig sal versuim nie. Die erns van ons dae, die korthed van die tyd, en ons gebede vir 'n verlenging van tyd behoort al die getroues in Israel te laat saamstaan.



## Doeltreffende Metodes vir *Signs* en *Tekens* Werkers

F. E. POTTER

Die doeltreffendste manier om 'n werk klaar te kry is om dit met hart en siel aan te pak. Dit is 'n onontbeerlike vereiste vir die sukses van enige onderneming.

Die volgende stap is om oor sukses te dink, van sukses te praat, en te handel met die oog op sukses. Dit sal u in daardie gemoedstemming bring wat andere sal besiel met vertroue in u onderneming.

Bring uself goed op hoogte van die inhoud van die *Signs* en *Tekens* wat u as monster gaan gebruik. Hoe beter u die inhoud ken, hoe meer punte sal u kan aanvoer om die belangstelling van die mense op te wek.

Maak behoorlike planne vir *Signs* Week. Hoeveel tyd gaan u bestee aan die werwing van intekenare? en terloops wil ek net sê moenie probeer om uit te reken hoeveel

tyd u kan *spar nie!* Mens kan nooit net soveel uitrig in spaar tyd as in tyd wat mens opoffer nie.

Watter deel van die dag u ookal afstaan, sonder dit af, vra die Here se seën daarop, en maak dan die beste gebruik daarvan. Voordat u vir die dag uitgaan moet u sorg dat u 'n kwitansie boekie, 'n pen of inkooplood, genoeg kleingeld, en 'n hoeveelheid *skoon Signs* saamneem.

Moenie tyd verkwis deur te gesels of Bybelstudies te gee nie. Die *Signs* sal die waarheid beter kan verkondig as u dit kan doen, want as u 'n persoon kan beweeg om in te teken sal hy die blad twaalfmaal

### Kampdienste in die Kaapse Veld

OP „RIVERSIDE”  
JANUARIE 3-5

Verskeie versoeke is ontvang dat ons die kampdienste sal hou gedurende die ekskursie tyd, sodat ons afgeleë lede goedkoper per spoor kan reis. Ons het derhalwe 'n versoek aan die Unie Konferensie gerig om ons aanstaande kampdienste by die Good Hope Opleidingskool, Athlone, van 3 tot 5 Januarie te hou. Diegene wat inligting verlang omtrent, herbergens., word versoek om vroegtijdig aansoek te doen. Skrywe aan:

LERAAR L. BILLES,  
Harewood,  
Ravensworth Road,  
Claremont, Kaap.

kry en dit sal meer materiaal bevat as wat u kan gee.

Moet onder geen omstandighede in 'n argument gewikkel raak nie.

Moet ook nie huise verbyggaan omdat u 'n voorgevoel het dat niemand daar sal inteken nie. Gaan van die beginsel uit dat elke huis 'n geleentheid moet kry om die waarheid te hoor.

Na u die doel van u besoek aan die persoon verduidelik het en 'n goeie beskrywing gegee het van die *Signs* of *Tekens*, stel dan voor om sy naam op u intekenaars lys vir 1936 te skrywe. Moenie op hierdie tydstip bang of huierig wees nie, maar wees saaklik, vriendelik, en ernstig.

En eindelik, bid vuriglik, werk hard en vertrou op die Here.



## Die Nuwe *Signs* en *Tekens* 'n Nuwe Kans vir Tydskrifwerkers

L. A. VIXIE

In verband met die nuwe *Signs* is daar 'n nuwe kans vir tydskrifwerkers en gelowiges wat sendingwerk wil doen. Dis

nie dat ons fout vind met die ou *Signs* nie, want baie het daardeur tot bekering gekom; maar die nuwe *Signs* sal baie makliker kan verkoop word omdat dit aantrekliker is. Die omslag sowel as die bladsy is baie mooi en aantreklik, en in plaas van agt sal die blad nou sestien bladsye bevat. Daar sal goeie artikels wees vir die besige sakeman; artikels vir die huis, jongmense en kinders, asook uitstekende artikels oor gesondheid. Dit sal 'n veel-sydige blad wees.

Ons vra nou om rekrute om die blad te verkoop. Daar bestaan groot moontlikhede vir die blad uit 'n geldelike sowel as 'n sending oogpunt beskou. Die *Signs* neem toe in waarde as 'n baanbrekerblad, en nou moet ons dit na elke woning laat gaan. Die *Signs* en *Tekens* red siele.

In een van ons kusedorpie waar daar vir 'n lang tyd nie 'n poging gehou was nie, het hulle my aan 'n nuwe bekeerling voorgestel. Ek het hom gevra hoe hy in die waarheid gekom het, en hy het aan my gesê dat iemand die *Signs* aan hom gestuur het, en dat hy die waarheid aangeneem het na hy die blad vir 'n tyd gelees het.

Waarlik „die *Signs* is 'n doeltreffende middel in die groot veld om die lig te versprei in hierdie dae van die Here se voorbereiding.”—„*Testimonies*,” Deel IV, bls. 598.

Ek maak 'n dringende beroep op ons tydskrifwerkers om alles in hul vermoë te doen om intekenaars te werf, sowel as om die blaie by die huise te verkoop. Diegene wat verlang om iets spesiaal vir die Meester te doen het nou 'n uitstekende kans in verband met die *Signs of the Times* and *Herald of Health*, en *Die Tekens van die Tye* en *Gesondheidsbode*.



## Drie Vrae Beantwoord

Die redakteur van die *OUTLOOK* het drie vrae aangaande die betaling van tiendes ontvang. Lesers van die *OUTLOOK* sal ongetwyfeld belang stel in die antwoorde op hierdie vrae:

Die eerste vraag is:

„Dit is goed vir 'n mens om 'n deel van wat die Here aan hom toevertrou aan die Here terug te gee, maar ek sou graag wil weet waar Jesus ooit in Sy prediking oor tiendes gepraat het.”

In die eerste plek sê die vraer dat „dit goed is vir 'n mens om 'n deel van wat die Here aan hom toevertrou aan die Here terug te gee.” As dit goed is om „'n deel” aan die Here te gee, dan is dit goed om 'n tiende deel van ons besittings te gee. En as dit goed is om 'n tiende te gee, dan kan dit nie sleg of nadelig wees nie. As die leser ernstig nagedink het toe hy hierdie verklaring gemaak het, sou hy die antwoord op sy derde vraag gevind het. Die betaling van tiendes is of goed, of sleg; dit kan nie beide goed en sleg wees vir 'n mens nie.

Uit baie oogpunte beskou is die betaling van tiendes goed vir 'n mens, maar dit sal voldoende wees om daarop te wys dat



Christus Self die betaling van tiendes goed-gekeur het. Die verslag hiervan vind ons in Matt. 23:23. Jesus het aan die skrifgeleerdes en Fariseërs gesê, „Julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander. . . Hierdie dinge behoort julle te doen.” Die woord „behoort” dui aan dat Jesus die betaling van tiendes beskou as die plig selfs van godsdienstige werkers. Daar bestaan geen twyfel dat Jesus die betaling van tiendes goedgekeur het nie.

Die tweede vraag is:

„Ek is 'n ou man en ek het 'n vrou en drie kinders om te onderhou. Hoe kan ek uit die bietjie wat ek verdien tiendes gee en nog my gesin onderhou?”

Alvorens ons op hierdie vraag ingaan wil ons duidelik maak dat die tiendestelsel nie 'n instelling van 'n mens of 'n groep mense is nie, God het dit beveel. Dit blyk duidelik uit die Skrifte. Ons lees in Levitikus 27:32-34, „Wat aangaan al die tiendes. . . Dit is die gebooi van die Here.”

Die gebooi wat God aan Sy kinders gee is nooit swaar of skadelik nie, as ons hulle gehoorsaam sal dit ons altyd tot seën strek. Nou kom die vraag: „Hoe kan dit my tot seën strek as ek 'n deel van my geld — een tiende — afstaan wanneer ek dit nodig het om my gesin te onderhou?” Die antwoord hierop is as volg: Ek kan meer uitrig met nege tiendes van my inkomste waarop die seën van God rus as met tien tiendes waarop Sy vloek rus.

Die Here het uitdruklik belowe om diegene wat hul tiendes betaal, te seën. Die belofte is opgeteken in Maleági 3:10-12, en lui as volg:

„Bring al die tiendes na die skathuis, sodat daar spysie in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

„Ek sal ook die sprinkane van julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskaar.

„En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehag sal wees, sê die Here van die leërskaar.”

Die Woord van God verklaar ook duidelik dat daar 'n vloek rus op diegene wat die tiende, wat aan God behoort, terughou. Die profeet verklaar in Maleági 3:8, 9:

„Kan 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Hoe het ons U dan beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaa, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie.”

Die betaling van ons tiende is 'n geloofsaak. Dit verg geloof om te glo dat ons met die nege tiendes beter in ons behoeftes sal kan voorsien as met die tien tiendes. Nogtans het God die seën belowe, en diegene wat die Here op Sy woord neem en getrou Sy bevel gehoorzaam, vind dat Hy getrou is aan Sy woord, dat Hy nie 'n leuenaar is nie.

Die derde vraag is:

„Wie is die grootste sondaar in die oog van die Here, die man wat die Here beroof deur nie sy tiendes te betaal nie, of die man wat wel sy tiendes betaal en gevolglik nie in die behoeftes van sy gesin kan voorsien nie, en dus slegter as 'n heiden is?”

Die vraer konstateer dat beide die man wat nie sy tiende betaal nie en die een wat nie vir sy huisgenote sorg nie sondaars is. Maar sy vraag is: „Wie is die grootste sondaar?” Ek twyfel of ons enige baat daarby kan vind om 'n onderskeid te maak op grond van die graad van skuldigheid en sondigheid in die twee gevalle.

'n Christen moet sy tiende betaal m.a.w. aan God teruggee wat aan Hom behoort, en ook sy gesin onderhou. Die Here stel nie 'n persoon vry van die betaling van sy tiende omdat sy inkomste klein of sy gesin groot is nie. Die rede lê voor die hand: Die Here vergoed aan ons wat ons verloor deur die betaling van die tiende deur Sy seën te laat rus op die nege tiendes. Die getuienis van die getroue kinders van God wat hul tiendes betaal is dat hulle sodanig geseënd is dat hulle hul gesinne kan onderhou selfs met klein inkomstes.

Die Here eis nie meer in proporsie van 'n persoon wat 'n klein inkomste het as van iemand wat meer ontvang nie. Die persoon wat £1 per week kry, betaal aan die Here een tiende — niks meer nie — presies soos die persoon wat £10 per week ontvang.

Diegene wat die uitnodiging aangeneem het: „Beproof my tog hierin, sê die Here van die leërskaar,” het gevind dat gehoorsaamheid, geloof en getrouheid ver bo hul verwagting beloon was. Laat ons die Woord van God aanneem, en gelowig en getrou sy goddelike wil gehoorsaam.



## Wat Noordelike Rhodesië Doen

LERAAR W. H. ANDERSON stuur van Katimo Mulilo Sendingstasie af die volgende interessante rapport van die werk in Barotse-land:

„Ons het uitstekende dienste gehad al langs die rivier. Alles tesame het tweeduizend vyfhonderd die dienste bygewoon, die diens te Katimo Mulilo ingeslote. As hulle daarin slaag om almal voor die einde van die jaar te bereik wat gereed is om gedoop te word, sal die getal wat hierdie jaar in Noordelike Rhodesië gedoop is op oor die aghonderd te staan kom.

„Die omvang van ons werk in Noordelike Rhodesië kan as volg weergegee word: Een naturel uit elke 100 van skoolgaande ouderdom in Noordelike Rhodesië is in 'n Adventiste skool. Een persoon uit elke tagtig van die hele bevolking het vanjaar ons kampdiens bygewoon, en een uit elke honderd-en-twintig hou nou die Sabbat. Dit is wat tot stand gebring is gedurende die afgelope dertig jaar. Die werk in Barotse-land kan binne vyf jaar verdubbel word as al die openinge kan te baat geneem word.

„Net voor ons van Nalolo af weg is, het die koningin ons gesê dat wat sy nou verlang is dat ons haar gebied sal vul met ons boodskap en dat sy al haar invloed sal gebruik om hierdie doel te bereik. Ons behoort sulke versoekte te baat te neem en werk te begin in hierdie nuwe plekke. Een stam van omtrent vyfduisend het al hul indoenas — sewe in getal — na ons gestuur; hulle het ons vertel dat hulle gehoor het van die wederkoms van Christus en dat hulle nie gereed was daarvoor nie. Hulle het gepleit dat ons iemand moet stuur om hulle te help om hulleself voor te berei daarvoor. Hulle behoort gehelp te word.

„Daar is hongersnood al langs die rivier vanjaar. Die sprinkane het verlede jaar alles opgeëet, en duisende mense het niks anders om van te lewe nie as wortels en bolle wat hulle in die bosse uitgrawe. Ek voel baie jammer vir hulle. Ten spyte van die ellende waarin hulle verkeer, het hulle op Sitoti vyf stuks grootvee sowel as hoenders, skape, bokke en ander dinge gegee as hulle kampdiens offergawe.

„Hulle het konvensies gehad om die onderwysers te help in hulle werk. Hulle vertel my dat hulle nog nooit, sedert die tyd toe ek nog hier was, werkersvergaderings gehad het waarop hulle sulke goeie onderrig ontvang het in Bybel leerstellingen en die manier om siele te win as hierdie jaar nie.

„By die afsluiting van die Liumba Hill konvensie, het die werkers besluit om as doel aan te neem, aghonderd en vyftig nuwe lede in die hoordersklasse gedurende die volgende jaar. As hulle dit kan doen sal dit die grootste stap voorwaarts wees wat hulle nog ooit geneem het.”

A. E. N.



## Ons Skole in die Unie

MILTON ROBISON

HOEWEL toestande nie altyd van die beste is nie en daar plek is vir verbetering, hoef ons nie skaam te wees oor die werk wat daar in ons kerkskole gedoen word nie. Dit is die oortuiging waartoe die Opvoedingssekretaris van die Divisie gekom het op sy laaste inspeksie toer.

Die kerkskole is goed toegerus, en almal is onder toesig van gekwalifiseerde onderwysers. Die werk wat daar gedoen word is oor die algemeen van 'n hoë gehalte.

Dit is met genoë dat ons verneem het dat die Randse kerkskool baie goed gedoen het in 'n toets wat aan 6,000 kinders op die Rand gegee was. Al die standers in die kerkskool het net so goed gedoen of nog 'n hoër peil bereik as die groep van 6,000. Na wat ons in die ander kerkskole gesien het is ons seker dat hulle ook net so goed sou gedoen het.

Die Opleidingskool te Spioenkop is vol nuwe lewe, en beide onderwysers en studente is gretig om vooruit te gaan. Die geboue word gerepareer en daar bestaan 'n plan om die hostel van die meide te her-

(Vervolg op bladsy 8)

## South African Conference African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
MRS. J. L. MILFORD ..... Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... President.  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor.  
M. P. Robison ..... Secy. and Ed. Secy.  
L. L. Moffitt ..... M. V. Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
F. E. Potter ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy.

## Helderberg College News

ELDER EDWARDS and Mr. Van Eck will both leave on November 11, to visit the churches in the interest of the college. They hope to visit a large number of homes during the next month or so.

At the closing chapel exercise suitable tokens of appreciation were presented to the teachers who are leaving at this time. The recipients were E. W. Tarr, C. H. Bell, Mrs. Garne and Mrs. E. W. Marter.

MR. BELL is remaining for a few weeks to complete the electrical work in the new buildings before proceeding overseas via the East Coast. Brother E. W. Tarr and family sailed on the 5th on their way to Walla Walla College.

SUMMER school started on November 7 with eight students in attendance. Besides these some fifteen or more students have stayed to work during the summer. Miss Hyatt, Mr. W. F. Tarr and Mr. Marais are carrying the burden of the summer school work.

MRS. GARNE has moved to the Strand where she will spend several months. We are sorry that it will not be possible for her to be with us next year. Her work in the Dressmaking Department has been highly appreciated. The exhibit by the sewing classes at the end of school showed work of superior quality.

THE Choral Recital given on the evening of November 2 was an enjoyable one. The first part of the programme consisted of sacred numbers, the latter part secular. The school orchestra furnished two numbers and Raymond Chilton favoured with a violin solo. One original number was the 95th Psalm set to music by local musical talent and sung by a double mixed quartet.

## General News

MR. AND MRS. VICTOR NORCOTT and child left Cape Town on the R. M. S. "Winchester," November 12, for Durban, en route to the Belgian Congo where they will resume mission work.

NOVEMBER 5 a party of workers left on the S. S. "Ubena" for overseas. Among the party were Pastor and Mrs. Milton Robison and Jeanette; Mr. and Mrs. E. W. Tarr and Neal; and Mr. and Mrs. E. W. Marter. The two last-named couples are en route to America for further training. A report from Walvis Bay indicates that all are well, and only two of the group thus far had been indisposed owing to sea weather.

## South African Conference Session and Camp-meeting

THE second session of the South African Conference of Seventh-day Adventists is called to convene on the Agricultural Showgrounds, Port Elizabeth, Cape, Jan. 15-17, 1936. The first meeting will be held at 9:00 A. M.

Officers will be elected for the ensuing term, and such other business transacted as may properly come before the conference.

Immediately following this business session, the camp-meeting will take place, Jan. 17-25. The opening meeting will be held Friday night, Jan. 17; song service 7:30; opening sermon 8:00.

This camp-meeting of eight days' duration will be entirely devoted to spiritual meetings.

A. N. INGLE, *President*,  
P. W. WILLMORE, *Sec'y*.

## Suid-Afrikaanse Konferen- siesitting en Kampdienste

DIE tweede sitting van die Suid-Afrikaanse Konferensie sal plaasvind op die tentoonstelling gronde, Port Elizabeth, van 15 tot 17 Januarie 1936. Die eerste vergadering sal om 9:00 v.m. gehou word.

Die beaampes vir die volgende termyn sal gekies word, en enige ander sake in verband met die konferensie wat mag voorgebring word sal afgehandel word.

Onmiddellik na die besigheidsvergadering sal die kampdienste begin — vanaf 17 tot 25 Januarie. Die openingsdiens sal op Vrydagaand 17 Januarie plaasvind; Sangdiens 7:30 n.m. en die preek om 8:00 n.m.

Die kampdienste, wat agt dae sal aanhou, sal almal geestelike dienste wees.

A. N. INGLE, *President*,  
P. W. WILLMORE, *Sekr.*

## Ons Skole in die Unie

(*Vervolg van bl. 7*)

bou. Daar het 'n goeie getal ingeskrywe en Leraar Hansen sê dat die vooruitsigte vir aanstaande jaar uitstekend is.

Op die sendingstasies Bethel, Cancele, en Emmanuel bestaan daar goedgeorganiseerde skole met bekwame onderwysers. Broeder en Suster Sharman op Bethel het die werk aangepak, vol geesdrif en moed. Daar het alreeds groot verandering gekom, en die aantal studente het grootliks vermeerder. Ons kleinste kerkskool is op Cancele, waar Mej. Doreen de Beer smorens in die sendingskool les gee, en smiddae vir haar broertjie. Hy werk hard en hoop om hierdie jaar Standerd V deur te kom. Op Emmanuel het ons byna die doel van ons besoek vergeet, want die vrugte bome was in volle bloei, veral die kersiebome was pragtig. Hulle verwag 'n goeie oes hierdie jaar. Die Buckleys is vol moed en die skool maak goeie vordering.

Ons statskole het met baie moeilikhede te kampe, soos byvoorbeeld gebrek aan uitrusting, boeke, leie, lessenaars, en klaskamers. Ten spyte hiervan is die onderwysers getrou en word daar goeie vordering gemaak.

Die seën van die Here was kenbaar in al die skole, en die inspekteur was bemoedig om die goeie gees te sien wat daar heers.

## Obituary

BLAINE,—It came as a great shock on Sabbath, November 2, when word was received of the sudden death of Sister Yvonne Blaine at her parents' home at Lilani Hot Springs, Greytown.

Sister Yvonne had been in poor health for about two weeks previous, but she was up and around on the Friday, and went to town with her father. She complained of not feeling well and after saying "Good-night" went to bed early.

The next morning at about seven o'clock she appeared to be sleeping and at nine o'clock, when called, was found to have passed into the sleep of death. It came as a great shock to her own family.

Her body was taken to Durban for burial and on Monday afternoon in the presence of a large gathering of friends at the Durban church, Elder Clifford conducted the funeral services.

Sister Yvonne is buried alongside her brother and grandmother in the Stella Wood Cemetery. She leaves her parents, two brothers, and a sister.

Sister Yvonne had endeared herself to a large number of people throughout the Union and the mission field, having attended both Spion Kop and Helderberg she was known by a large student body.

Our hearts go out in sympathy to those who are bereaved, but we look forward with faith and confidence to meeting Sister Yvonne in the first resurrection.

A. N. INGLE.